SENUSTELSEL AFWYKINGS	Duiseligheid	Algemeen	1,8
	Hoofpyn	Algemeen	1,4
	Hiperkinese	Minder algemeen	0,2
	Parestesie	Minder algemeen	0,6
	Ageusie	Minder algemeen	0,2
OOR EN DOOLHOF AFWYKINGS	Tinnitus	Algemeen	3,6
HARTAFWYKINGS	Kardiovaskulêre afwyking	Minder algemeen	0,2
	Tagikardie	Minder algemeen	0,2
VASKULÊRE AFWYKINGS	Hipotensie	Algemeen	3,2
	Hipertensie	Algemeen	2,6
	Ortostatiese hipotensie	Minder algemeen	0,2
RESPIRATORIESE, TORAKALE, EN MEDIASTINALE AFWYKINGS	Pulmonêre edeem	Minder algemeen	0,2
	Dispnee	Minder algemeen	0,4
	Hoes	Minder algemeen	0,2
	Hik	Minder algemeen	0,2
	Longafwyking	Minder algemeen	0,4
GASTRO-INTESTINALE AFWYKINGS	Abdominale pyn	Algemeen	1,6
	Intestinale obstruksie	Minder algemeen	0,2
	Peritonitis	Minder algemeen	0,6
	Bloederige peritoneale uitvloeisel	Minder algemeen	0,2
	Diarree	Minder algemeen	0,6
	Maagseer	Minder algemeen	0,2
	Gastritis	Minder algemeen	0,2
	Gastroïntestinale afwyking	Minder algemeen	0,4
	Braking	Minder algemeen	0,2
	Konstipasie	Minder algemeen	0,4
	Dispepsie	Minder algemeen	0,6
	Naarheid	Minder algemeen	0,2
	Droë mond	Minder algemeen	0,4
	Winderigheid	Minder algemeen	0,2
VEL EN SUBKUTANEUSE AFWYKINGS	Afskilferende dermatitis	Algemeen	1,6
	Veluitslag	Algemeen	5,5
	Pruritus	Algemeen	1,4
	Urtikaria	Minder algemeen	0,2
	Gal-dermatitis	Minder algemeen	0,2
	Psoriase	Minder algemeen	0,4
	Makulopapulêre uitslag	Minder algemeen	0,2
	Velsweer	Minder algemeen	0,2
	Ekseem	Minder algemeen	0,2
	Naelafwyking	Minder algemeen	0,6
	Velafwyking	Minder algemeen	0,2
	Droë vel	Minder algemeen	0,2
	Velverkleuring	Minder algemeen	0,2
MUSKULOSKELETALE, BINDWEEFSEL AFWYKINGS	Beenpyn	Minder algemeen	0,1
	Spierspasma	Minder algemeen	0,4
	Mialgie	Minder algemeen	0,4
	Nekpyn	Minder algemeen	0,4
RENALE EN URINÊRE AFWYKINGS	Nierpyn	Minder algemeen	0,2

Orgaanstelsel Klas (SOC)	Verkose MedDRA Term	Frekwensie	Frekwensie Persentasie of Verhouding N=493
ALGEMENE AFWYKINGS EN TOEDIENINGSAREA AFWYKINGS	Perifere edeem	Algemeen	1,4
	Astenie	Algemeen	1,2
	Borspyn	Minder algemeen	0,4
	Kateter-geassosieerde komplikasie	Minder algemeen	0,2
	Gesig-edeem	Minder algemeen	0,2
	Edeem	Minder algemeen	0,6
	Pyn	Minder algemeen	0,2
ONDERSOEKE	Abnormale laboratoriumtoets	Algemeen	2,6
	Verhoogde alanien aminotransferase	Minder algemeen	0,4
	Verhoogde aspartaat aminotransferase	Minder algemeen	0,4
	Verhoogde bloed alkalifosfatase	Minder algemeen	0,6
	Abnormale lewerfunksietoets	Minder algemeen	0,6
	Gewigsverlies	Minder algemeen	0,2
	Gewigstoename	Minder algemeen	0,6
BESERING, VERGIFTINGING EN PROSEDURE KOMPLIKASIES	Besering	Minder algemeen	0,2

Na-bemarking newe-effekte

Benewens die newe-effekte wat in kliniese studies opgemerk is, is die volgende newe-effekte aangemeld in die na-bemarkingservaring.

Infeksies en infestasies: Swam-peritonitis, bakteriële peritonitis, kateterarea-infeksie, kateter-verwante infeksie.

Bloed- en limfaatstelselafwykings: Trombositopenie, leukopenie.

Immuunstelselafwykings: Serumsiekte, hipersensitiwiteit**, leukositoklastiese vaskulitis.

Metabolisme en voedingsafwykings: Skokhipoglukemie, vloeistofoorlading, vloeistofwanbalans.

Senuweestelselafwykings: Hipoglukemiese koma, brandende sensasie.

Oogversteurings: Versteurde visie.

Respiratoriese, torakale en mediastinale afwykings: Bronchospasma, stridor.

Gastroïntestinale afwykings: Sklerose-agtige ingeperkte peritonitis, aseptiese peritonitis, peritoneale troebel uitvloeisel, ileus, askites, liesbreuk, abdominale ongemak.

Vel- en subkutane afwykings: Toksiese epidermale nekrolise, veelvuldige eriteem, angio-edeem, algemene urtikaria, toksiese veluitbarsting, swelling van die gesig, peri-orbitale edeem, afskilferende uitslag, velafskilfering, prurigo, veluitslag (insluitend makulêre, papillêre en erimateus), dermatitis (insluitend allergies en kontak), middeluitbarsting, eriteem, onikomadese, gebarste vel, blase.

Skeletspier-, bindweefselafwykings: Artralgie, rugpyn, skeletspierpyn.

Voortplantingstelsel en borsversteurings: Edeem van die penis, skrotum edeem.

Algemene versteurings en toedieningsplektoestande: Ongemak, koors, kouekoors, malaise, verminderde geneesmiddeleffek, geneesmiddel ondoeltreffend, kateterplek eriteem, kateterplekontsteking, infusieverwante reaksie (insluitend infusieareapyn, instillasieareapyn).

Besering, vergiftiging en prosedurele komplikasies: Toestelinteraksie*

c. Beskrywing van geselekteerde nadelige reaksies

* Ikodekstrien meng in met toestelle vir bloedglukosemeting (sien afdeling 4.4).

** Hipersensitiwiteit-tipe reaksies is aangemeld by pasiënte wat **EXTRANEAL** gebruik, insluitend bronchospasma, hipotensie, veluitslag, pruritus en urtikaria.

Ander ongewenste effekte van peritoneale dialise wat met die prosedure verband hou: swamperitonitis, bakteriële peritonitis, kateterareainfeksie, kateterverwante infeksie en kateterverwante komplikasie.

Verhoogde ultrafiltrasie, veral by bejaarde pasiënte, kan lei tot dehidrasie, wat lei tot hipotensie, duiseligheid en moontlik neurologiese simptome (sien afdeling 4.4).

Hipoglukemiese episodes by diabetiese pasiënte (sien afdeling 4.4).

Toename in serum alkaliese fosfatases (sien afdeling 4.4) en elektrolietversteurings (bv. hipokalemie, hipokalsemie en hiperkalsemie).

Peritoneale reaksies, insluitend abdominale pyn, troebel uitvloeisel met of sonder bakterieë, aseptiese peritonitis (sien afdeling 4.4).

Moegheid is dikwels spontaan en in literatuur aangemeld as 'n ongewenste effek wat verband hou met die prosedure.

Aanmelding van vermoedelike nadelige reaksies

Dit is belangrik om vermoedelike nadelige reaksies aan te meld na goedkeuring van die medisyne. Dit laat voortgesette monitering van die voordeel/risiko-balans van die medisyne toe. Gesondheidsorg kundiges word gevra om enige vermeende nadelige reaksies by SAHPRA aan te meld via die "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form", wat aanlyn gevind kan word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.

Vir die aanmelding van newe-effekte direk aan die HSR, kontak +27 11 635 0134 of e-pos Adcock.aereports@adcock.com.

4.9 Oordosering

Geen data is beskikbaar oor die uitwerking van oordosis nie. Deurlopende toediening van meer as een sak **EXTRANEAL** in 24 uur sal egter plasmavlakke van koolhidraatmetaboliete en maltose verhoog. Die uitwerking van so 'n toename is onbekend, maar 'n toename in plasma-osmolaliteit kan voorkom. Behandeling kan bestuur word deur ikodekstrien-vrye peritoneale dialise of hemodialise.

5. FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1 Farmakodinamiese eienskappe

Farmakoterapeutiese groep en ATC-kode: B05DA

Ikodekstrien is 'n stysel-afgeleide glukose-polimeer wat as 'n osmotiese middel optree wanneer dit intra-peritoneaal toegedien word vir deurlopende ambulante peritoneale dialise (CAPD). 'n 7,5 % oplossing is ongeveer iso-osmolêr tot serum, maar produseer volgehoue ultrafiltrasie oor 'n tydperk van tot 12 uur in CAPD. Daar is 'n vermindering in kalorie-lading in vergelyking met hiperosmolêre glukose-oplossings.

Die volume ultrafiltraat wat geproduseer word, is vergelykbaar met vloeistowwe met 4,25 % glukosemonohidraat wanneer dit in CAPD gebruik word. Bloedglukose en insulienvlakke bly onaangeraak.

Ultrafiltrasie word gehandhaaf tydens episodes van peritonitis.

Die aanbevole dosis is beperk tot 'n enkele uitruiling in elke 24-uur periode, as deel van 'n CAPD of outomatiese peritoneale dialise (APD) behandlingsreeks.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe

Koolhidraat polimeervlakke in bloed bereik bestendige toestand na ongeveer 7 – 10 dae wanneer dit op 'n daaglikse basis gebruik word vir oornag dialise. Die polimeer word deur amilase gehidroliseer tot kleiner fragmente wat deur peritoneale dialise opgeklaar word. Bestendige plasmavlakke van 1,8 mg/ml is gemeet vir oligomere van glukose-eenhede groter as 9 (G9) en daar is 'n styging in serummaltose (G2) tot 1,1 mg/ml, maar daar is geen betekenisvolle verandering in serum osmolaliteit. Wanneer dit gebruik word vir die lang dag-storingstyd in APD, is maltose vlakke van 1,4 mg/ml gemeet, maar met geen beduidende verandering in serum osmolaliteit nie.

Die langtermyn-effekte van verhoogde plasmavlakke van maltose en glukosepolimeer is onbekend, maar daar is geen rede om aan te neem dat dit skadelik is nie.

6 FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

6.1 Lys van bymiddels

Water vir inspuitings

Natriumhidroksied (pH-aanpassing)

Soutsuur (pH-aanpassing)

6.2 Onversoenbaarheid

- Raadpleeg 'n apteker wat vertroud is met peritoneale dialise, indien beskikbaar. Indien, na die ingeligte oordeel van die mediese praktisyn, dit raadsaam geag word om bymiddels in te voer, gebruik aseptiese tegniek.
- Verwys na gebruiksaanwysings van meegaande medisyne om volledige inligting oor bymiddels te bekom.
- Sommige medisyne bymiddels kan onverenigbaar met **EXTRANEAL** wees.
    - Byvoeging van kalium
      Kalium word uit **EXTRANEAL**-oplossings weggelaat omdat dialise uitgevoer kan word om hiperkalemie reg te stel. In situasies waar daar 'n normale serumkaliumvlak of hipokalemie is, kan die byvoeging van kaliumchloried (tot 'n konsentrasie van 4 mmol/L) aangedui word om ernstige hipokalemie te voorkom. Die besluit om kaliumchloried by te

voeg moet deur die mediese praktisyn geneem word na noukeurige evaluering van serumkalium.

- Byvoeging van heparien
  Geen interaksiestudies met heparien is uitgevoer nie. *In vitro* studies het geen bewyse van onverenigbaarheid van heparien met **EXTRANEAL** getoon nie.
- Byvoeging van antibiotika
  Geen formele kliniese interaksiestudies is uitgevoer nie. *In vitro*-verenigbaarheidstudies met **EXTRANEAL** en die volgende antibiotika het geen effekte met betrekking tot minimum inhiberende konsentrasie (MIK) getoon nie: vankomisien, kefasolien, ampisillien, ampisillien/flukloksasillien, keftazidiem, gentamisien en amfoterisien. Aminoglikosiede moet egter nie met penisilliene gemeng word nie as gevolg van chemiese onverenigbaarheid.

6.3 Raklewe

EXTRANEAL het ‘n raklewe van 2 jaar. Moenie die produk gebruik na die vervaldatum wat op die karton en produketiket aangedui word nie.

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir berging

Bêre teen ‘n temperatuur tussen 4 °C - 30 °C. Moet nie gebruik tensy die oplossing helder is en die houer onbeskadig is nie. Enige ongebruikte gedeelte dialise-oplossing in ‘n sak moet weggegooi word.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

6.5 Aard en inhoud van houer

EXTRANEAL peritoneale dialise-oplossing in Viaflex® plastiekhouers in die tweesak- en enkelsak-konfigurasie is beskikbaar in die volgende houergroottes met vulvolumes soos hieronder aangedui.

Vul volume	Houergrootte
1 500 ml	2 L
2 000 ml	2 L / 3 L
2 500 ml	3 L

Nie alle verpakkingsgroottes word dalk bemark nie.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoening en ander hantering

Nie van toepassing nie

7. HOUER VAN SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE

Adcock Ingram Critical Care (Edms.) Bpk.
Sabaxweg 1,
Aeroton,
Johannesburg,
2013
Tel: +27 11 494 8000

8. REGISTRASIENOMMER(S)

38/34/0172

9. DATUM VAN EERSTE GOEDKEURING/HERNUWING VAN DIE GOEDKEURING

07 Desember 2012

10. DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS

13 Augustus 2021

Namibië: NS2 05/34/0453

PATIENT INFORMATION LEAFLET

SCHEDULING STATUS: S3

EXTRANEAL (Peritoneal dialysis solution)

Icodextrin, sodium chloride, sodium lactate,
calcium chloride, magnesium chloride
Sugar free

Read all of this leaflet carefully before you start using EXTRANEAL.

- Keep this leaflet. You may need to read it again.
- If you have further questions, please ask your doctor, pharmacist, nurse or other healthcare provider.
- **EXTRANEAL** has been prescribed for you personally and you should not share your medicine with other people. It may harm them, even if their symptoms are the same as yours.

What is in this leaflet

1. What EXTRANEAL is and what it is used for

EXTRANEAL is a solution for peritoneal dialysis. The peritoneal cavity is the cavity in your abdomen (belly) between your skin and the peritoneum. The peritoneum is the membrane surrounding your internal organs such as your intestines and liver. The **EXTRANEAL** solution is placed into the peritoneal cavity where it removes water and waste products from the blood. It also corrects abnormal levels of different blood components.

EXTRANEAL may be prescribed for you if:

- You are an adult with permanent kidney failure which needs peritoneal dialysis;
- Standard glucose peritoneal dialysis solutions alone cannot remove sufficient water.

2. What you need to know before you use EXTRANEAL

You should not receive EXTRANEAL

- If you are allergic to icodextrin or starch derivatives (e.g. maize starch) or any of the other ingredients of **EXTRANEAL**;
- If you are intolerant to maltose or isomaltose (sugar coming from starch);
- If you have glycogen storage disease;
- If you already have severe lactic acidosis (too much acid in the blood);
- If you have a surgically uncorrectable problem affecting your abdominal wall or cavity or uncorrectable problem that increases risk of abdominal infections;
- If you have documented loss of peritoneal function due to severe peritoneal scarring.

Warnings and precautions

Take special care with **EXTRANEAL:**

- If you are elderly. There is a risk of dehydration;
- If you are diabetic and using this solution for the first time. You may need to adjust your insulin dose;
- If you need to test your blood glucose level (for example if you are diabetic). Your doctor will advise you on which test kit to use (see **Other forms of interactions**);
- If you have a risk of lactic acidosis (too much acid in the blood). You are at increased risk of lactic acidosis if:
  - you have sudden severe kidney failure
  - you have an inherited metabolic disease
  - you are taking metformin (a medicine used to treat diabetes)
  - you are taking medicines to treat HIV, especially medicines called NRTIs
  - you have profoundly low blood pressure
  - you have a blood-infection;
- If you experience abdominal pain or notice cloudiness, haziness or particles in the drained fluid. This may be a sign of peritonitis (inflamed peritoneum) or infection. You should contact your medical team urgently. Note the batch number and bring it along with the drained fluid bag to your medical team. They will decide if the treatment should be stopped or any corrective treatment started. For example, if you have an infection your doctor may perform some tests to find out which antibiotic will be best for you. Until your doctor knows which infection you have, he may give you an antibiotic that is effective against a wide number of different bacteria. This is called a broad-spectrum antibiotic;
- During peritoneal dialysis your body may lose protein, amino acids, vitamins. Your doctor will know if these need to be replaced;
- If you have problems affecting your abdominal wall or cavity. For example, if you have a hernia or a chronic infectious or inflammatory condition affecting your intestines;
- If you had aortic graft placement;
- If you have severe lung disease, e.g. emphysema;
- If you have breathing difficulties;
- If you have disorders precluding normal nutrition;
- If you have a potassium deficiency.

You should also take into account that:

- A disorder called encapsulating peritoneal sclerosis (EPS) is a known, rare complication of peritoneal dialysis therapy. You – possibly together with your doctor – should be aware of this possible complication. EPS causes:
  - inflammation in your abdomen (belly)
  - the growth of sheets of fibrous tissue that cover and bind your organs and affect their normal movement. Rarely this has been fatal.
- You – possibly together with your doctor – should keep a record of your fluid balance and of your body weight. Your doctor will monitor your blood parameters at regular intervals.
- Your doctor will check your potassium levels regularly. If they fall too low, he may give you some potassium chloride to compensate.

Other forms of interactions

EXTRANEAL interferes with the measurement of blood glucose with certain testing kits. If you need to test your blood glucose, make sure that you use a kit that is glucose-specific. Your doctor will advise you on which kit to use.

Using the wrong test may cause a falsely high blood glucose reading level. This could result in administration of more insulin than needed. This can cause hypoglycaemia (low blood glucose levels), which can result in loss of consciousness, coma, neurological damage or death. Additionally, a false high glucose reading may mask true hypoglycaemia and allow it to go untreated with similar consequences.

False high glucose readings can be seen up to two weeks after you stopped your **EXTRANEAL** therapy. In case you are admitted to hospital you should warn the doctors about this possible interaction and they should carefully review the product information of the testing kit to make sure they use a glucose-specific one.

Other medicines and EXTRANEAL

Please tell your doctor if you are taking or have recently taken any other medicines, including medicines obtained without a prescription.

- If you use other medicines, your doctor may need to increase their dose. This is because peritoneal dialysis treatment increases the elimination of certain medicines.
- Take care if you use heart medicines known as cardiac glycosides (e.g. digoxin). Your heart medicine may not be so effective or its toxicity may be increased. You may:
  - need potassium and calcium supplements
  - develop an irregular heartbeat (an arryhthmia).

Your doctor will monitor you closely during treatment, especially your potassium levels.

Always tell your healthcare professional if you are taking any other medicine. (This includes complementary or traditional medicines.)

Pregnancy, breastfeeding and fertility

EXTRANEAL is not recommended during pregnancy or while breast-feeding unless your doctor advises differently.

There are no clinical data on fertility.

If you are pregnant or breastfeeding, think you may be pregnant or are planning to have a baby, please consult your doctor, pharmacist or other healthcare provider for advice before taking this medicine.

Driving and using machines

This treatment may cause fatigue, weakness, blurred vision or dizziness. Do not drive or operate machines if you are affected.

3. How to use EXTRANEAL

Do not share medicines prescribed for you with any other person.

EXTRANEAL is to be administered into your peritoneal cavity. This is the cavity in your abdomen (belly) between your skin and the peritoneum. The peritoneum is the membrane surrounding your internal organs such as your intestines and liver.

Always use **EXTRANEAL** exactly as instructed by the medical team specialised in peritoneal dialysis. Check with them if you are not sure.

How much and how often

- One bag per day during the longest dwell, i.e.
  - Overnight in Continuous Automated Peritoneal Dialysis (CAPD)
  - During the daytime in Automated Peritoneal Dialysis (APD).
- Take between 10 - 20 minutes to instill the solution.
- The dwell time with EXTRANEAL is between 6 - 12 hours in CAPD, and 14 - 16 hours in APD.

Method of administration

Before use,

- Warm the bag to 37 °C. Use the warming plate specially designed for this purpose.
  Never immerse in water to warm the bag.
- Remove the overpouch and administer immediately.
- Use only if the solution is clear and the container undamaged.
- Use each bag only once. Discard any unused remaining solution.

Use aseptic technique throughout the administration of the solution as you have been trained.

Compatibility with other medicines

Your doctor may prescribe you other injectable medicines to be added directly into the **EXTRANEAL** bag. In that situation, add the medicine through the medication site located at the bottom of the bag. Use the product immediately after addition of the medicine. Check with your doctor if you are not sure.

If you use more than one bag of EXTRANEAL in 24 hours

If you infuse too much **EXTRANEAL** you may get:

- abdominal distension
- a feeling of fullness and/or
- a shortness of breath.

Contact your doctor immediately. He will advise you what to do.

If you stop using EXTRANEAL

Do not stop peritoneal dialysis without the agreement of your doctor. If you stop the treatment it may have life-threatening consequences.

4. Possible side effects

EXTRANEAL can cause side effects.

If any of the side effects gets serious, or if you notice any side effects not listed in this leaflet, please tell your doctor.

If any of the following happen, tell your doctor or your peritoneal dialysis centre immediately:

- Hypertension (blood pressure that is higher than usual)
- Swollen ankles or legs, puffy eyes, shortness of breath or chest pain (hypervolaemia)
- Hypersensitivity (allergic reaction) which may include swelling of face, throat or around the eyes (angioedema)
- Abdominal pain
- Chills (shivering/flu-like symptoms).

These are all very serious side effects. If you have them, you may have had a serious reaction to **EXTRANEAL.** You may need urgent medical attention or hospitalisation.

Tell your doctor if you notice any of the following:

Frequent side effects:

- Redness and scaling of the skin, rash, itching (pruritus)
- Feeling light headed or dizzy, thirst (dehydration)
- Decreased blood volume (hypovolaemia)
- Abnormal laboratory tests
- Weakness, headache, fatigue
- Swollen ankles or legs
- Low blood pressure (hypotension)
- Ringing in the ears.

Less frequent side effects:

- Cloudy solution drained from the peritoneum, stomach-ache
- Peritoneal bleeding, pus, swelling, pain or infection around the exit site of your catheter, catheter blockage, injury, interaction with the catheter
- Low blood sugar concentration (hypoglycaemia)
- Shock or coma caused by low blood sugar concentration
- High blood sugar concentration (hyperglycaemia)
- Nausea, vomiting, loss of appetite, dry mouth, constipation, diarrhoea, flatulence (passing wind), disorder of the stomach or intestines such as blockage in your intestine, gastric ulcer, gastritis (inflamed stomach), indigestion
- Abdominal swelling, hernia of the abdominal cavity (this causes a lump in the groin)
- Modification of your blood tests
- Abnormal liver function test
- Weight increase or decrease
- Pain, fever, malaise
- Heart disease, faster heartbeat, shortness of breath or chest pain
- Anaemia (reduction in red blood cells which can make the skin pale and cause weakness or breathlessness); increase or decrease of white blood cell count; reduction in blood platelets, which increases risk of bleeding or bruising
- Numbness, tingling, burning sensation
- Hyperkinesia (increased movements and inability to keep still)
- Blurred vision
- Loss of the sense of taste
- Fluid on the lungs (pulmonary oedema), shortness of breath, difficulty in breathing or wheezing, cough, hiccups
- Kidney pain
- Nail disorder
- Skin disorders such as hives (urticaria), psoriasis, skin ulcer, eczema, dry skin, skin discolouration, blistering of the skin, allergic or contact dermatitis, rashes and itching
- Rashes may be itchy with red spots covered with bumps, or with eruptions or shedding of the skin. The following two severe types of skin reaction may occur:
  - Toxic epidermal necrolysis (TEN). This causes:
    - a red rash over many parts of the body
    - the shedding of the outer layer of skin
  - Erythema multiforme. An allergic skin reaction causing spots, red welts or purple or blistered areas. It can also affect the mouth, eyes and other moist body surfaces.
  - Leukocytoclastic vasculitis. An inflammation of small blood vessels characterised clinically by palpable purpura
- Muscle cramps, pain in bones, joints, muscles, back, neck
- Fall in blood pressure on standing up (orthostatic hypotension)
- Peritonitis (inflamed peritoneum) including peritonitis caused by fungal or bacterial infection
- Infections including flu syndrome, boil
- Abnormal thinking, anxiety, nervousness.

Not all side effects reported for EXTRANEAL are included in this leaflet. Should your general health worsen or if you experience any untoward effects while taking EXTRANEAL, please consult your healthcare provider for advice.

Reporting of side effects

If you get side effects, talk to your doctor, pharmacist or nurse. You can also report side effects to SAHPRA via the "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form", found online under SAHPRA's publications: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. By reporting side effects, you can help provide more information on the safety of **EXTRANEAL.**

For reporting of side effects directly to the HCR, contact +27 11 635 0134 or email Adcock.aereports@adcock.com.

5. How to store EXTRANEAL

EXTRANEAL has a shelf-life of 2 years. Do not use the product after the expiry date shown on the carton and product label.

Store at a temperature between 4 °C - 30 °C. Do not use unless the solution is clear and the container is undamaged. Any unused portion of dialysis solution in a bag should be discarded.

KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN

6. Contents of the pack and other information

What EXTRANEAL contains

Each 1 litre of **EXTRANEAL** contains:

Icodextrin	75 g
Sodium chloride	5,4 g
Sodium lactate	4,5 g
Calcium chloride	0,257 g
Magnesium chloride	0,051 g

Theoretical osmolarity: 284 (milliosmoles per litre).

Theoretical osmolality: 301 (milliosmoles per kg).

Electrolyte solution content per 1 000 ml:

Sodium	133 mmol
Calcium	1,75 mmol
Magnesium	0,25 mmol
Chloride	96 mmol
Lactate	40 mmol

The other ingredients are water for injections, sodium hydroxide (pH adjustment), hydrochloric acid (pH adjustment).

What EXTRANEAL looks like and contents of the pack

A clear, colourless to pale yellow solution, practically free of visible particles.

EXTRANEAL peritoneal dialysis solution in Viaflex® plastic containers in the Twin-bag and Single-bag configuration is available in the following container sizes with fill volumes as indicated below.

Fill volume	Container size
1 500 ml	2 L
2 000 ml	2 L / 3 L
2 500 ml	3 L

Holder of Certificate of Registration

Adcock Ingram Critical Care (Pty) Ltd.
1 Sabax Road,
Aeroton,
Johannesburg, 2013
Tel: +27 11 494 8000

This leaflet was last revised in

Approved: 07 December 2012

Date of current amendment: 13 August 2021

Registration number

38/34/0172

Namibia: NS2 05/34/0453

PASIËNT INLIGTINGSBLAD

SKEDULERINGSTATUS: S3

EXTRANEAL (Peritoneale dialise oplossing)

Ikodekstrien, natriumchloried, natriumlaktaat,
kalsiumchloried, magnesiumchloried
Suikervry

Lees die hele voubiljet noukeurig deur voordat u EXTRANEAL begin gebruik.

- Bewaar hierdie voubiljet. U sal dit dalk weer moet lees.
- Indien u verdere vrae het, raadpleeg asseblief u dokter, apteker, verpleër of ander gesondheidsorg kundige.
- **EXTRANEAL** is aan u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne met ander mense deel nie. Dit kan hulle benadeel, selfs al ervaar hul dieselfde simptome as u.

Wat is in hierdie voubiljet

1. Wat EXTRANEAL is en waarvoor dit gebruik word

EXTRANEAL is 'n oplossing vir peritoneale dialise. Die peritoneale holte is die holte in u buik (maag) tussen u vel en die peritoneum. Die peritoneum is die membraan wat u interne organe soos u ingewande en lewer omring. Die **EXTRANEAL**-oplossing word in die peritoneale holte geplaas waar dit water en afvalprodukte uit die bloed verwyder. Dit herstel ook abnormale vlakke van verskillende bloedkomponente.

EXTRANEAL kan vir u voorgeskryf word indien:

- U is 'n volwassene met permanente nierversaking wat peritoneale dialise benodig;
- Standaard glukose peritoneale dialise oplossings alleen kan nie voldoende water verwyder nie.

2. Wat u moet weet voordat u EXTRANEAL gebruik

U moet nie **EXTRANEAL** ontvang nie

- Indien u allergies is vir ikodekstrien of styselderivate (bv. mieliestysel) of enige van die ander bestanddele van **EXTRANEAL**;
- Indien u maltose of isomaltose (suiker afkomstig van stysel) onverdraagsaam is;
- Indien u ly aan glikogeenbergingssiekte;
- Indien u reeds ernstige laktiese asidose het (te veel suur in die bloed);
- Indien u 'n chirurgies onherstelbare probleem het wat u buikwand of holte aantas of onherstelbare probleem wat die risiko van abdominale infeksies verhoog;
- Indien u gedokumenteerde verlies aan peritoneale funksie het as gevolg van erge peritoneale littekens.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Wees veral versigtig met **EXTRANEAL:**

- Indien u bejaard is. Daar is 'n risiko van dehidrasie;
- Indien u 'n diabeet is en hierdie oplossing vir die eerste keer gebruik. U sal dalk u insulien-dosis moet aanpas;
- Indien u bloedglukosevlak getoets word (byvoorbeeld as u diabeet is). U dokter sal u inlig oor watter toets-toestel om te gebruik (sien **Ander vorme van interaksies**);
- Indien u 'n risiko van laktiese asidose het (te veel suur in die bloed). U het 'n verhoogde risiko vir laktiese asidose indien:
  - u skielike ernstige nierversaking het
  - u ly aan 'n oorerflike metaboliese siekte
  - u metformien gebruik ('n medisyne wat gebruik word om diabetes te behandel)
  - u medisyne neem om MIV te behandel, veral medisyne wat NRTI's genoem word
  - u ernstige lae bloeddruk het
  - u 'n bloedinfeksie het;
- Indien u buikpyn ervaar of troebelheid, wasigheid of deeltjies in die gedreineerde vloeistof opmerk. Dit kan 'n teken wees van peritonitis (ontsteekte peritoneum) of infeksie. U moet u mediese span dringend kontak. Let op die reeksnommer en bring dit saam met die gedreineerde vloeistofsak na u mediese span. Hulle sal besluit of die behandeling gestaak moet word of met enige regstellende behandeling moet begin. Byvoorbeeld, as u 'n infeksie het, kan u dokter 'n paar toetse uitvoer om uit te vind watter antibiotika die beste vir u sal wees. Totdat u dokter weet watter infeksie u het, kan hy vir u 'n antibiotika gee wat effektief is teen 'n wyse aantal verskillende bakterieë. Dit word 'n breëspektrum-antibiotikum genoem;
- Tydens peritoneale dialise kan u liggaam proteïene, aminosure en vitamiene verloor. U dokter sal bepaal of dit vervang moet word;
- Indien u probleme het wat u buikwand of holte beïnvloed. Byvoorbeeld, as u 'n breuk of 'n chroniese aansteeklike of inflammatoriese toestand het wat u ingewande beïnvloed;
- Indien u aorta-oorplanting gehad het;
- Indien u ernstige longsiekte het, bv. emfiseem;
- Indien u asemhalingsprobleme het;
- Indien u afwykings het wat normale voeding voorkom;
- Indien u 'n kaliumtekort het.

U moet ook in ag neem dat:

- 'n Versteuring genaamd inperkende peritoneale sklerose (EPS) 'n bekende, seldsame komplikasie is van peritoneale dialise-terapie. U moet – moontlik saam met u dokter – bewus wees van hierdie moontlike komplikasie. EPS veroorsaak:
  - inflammasie in u buik (maag)
  - die groei van lae veselagtige weefsel wat u organe bedek en bind en hul normale beweging beïnvloed. Selde was dit noodlottig.
- U moet – moontlik saam met u dokter – rekord hou van u vloeistofbalans en van u liggaamsgewig. U dokter sal u bloedmetings met gereelde tussenposes monitor.
- U dokter sal u kaliumvlakke gereeld nagaan. Indien hulle te laag daal, kan hy u dalk 'n bietjie kaliumchloried gee om dit aan te vul.

Ander vorme van interaksie

EXTRANEAL meng in met die meting van bloedglukose met sekere toetstoestelle. Indien u bloedglukose getoets moet word, maak seker dat u 'n toestel gebruik wat glukose-spesifiek is. U dokter sal u raad gee oor watter toestel om te gebruik.

Die gebruik van die verkeerde toestel kan 'n vals hoë bloedglukose-lesing veroorsaak. Dit kan lei tot die toediening van meer insulien as wat nodig is. Dit kan lei tot hipoglukemie (lae bloedglukosevlakke), wat verlies van bewussyn, koma, neurologiese skade of dood kan veroorsaak. Boonop kan 'n vals hoë glukose-lesing ware hipoglukemie verdoesel en dit moontlik maak om onbehandeld te bly met soortgelyke gevolge.

Vals hoë glukose-lesings kan gesien word tot twee weke nadat u **EXTRANEAL**-terapie gestaak het. Indien u in die hospitaal opgeneem word, moet u die dokters oor hierdie moontlike interaksie waarsku en hulle moet die produkinligting van die toetstoestel noukeurig nagaan om seker te maak hulle gebruik 'n glukose-spesifieke een.

Ander medisyne en EXTRANEAL

Lig asseblief u dokter in indien u enige ander medisyne gebruik of onlangs geneem het, insluitend medisyne wat sonder 'n voorskrif verkry is.

- Indien u ander medisyne gebruik, sal u dokter dalk hul dosis moet verhoog. Dit is omdat peritoneale dialise behandeling die verwydering van sekere medisyne verhoog.
- Wees versigtig as u hartmedisyne bekend as hartglikosiede (bv. digoksien) gebruik. U hartmedisyne is dalk nie so doeltreffend nie of die toksisiteit daarvan kan verhoog word. U mag:
  - kalium- en kalsiumaanvullings benodig
  - 'n onreëlmatige hartklop ('n aritmie) ontwikkel.

U dokter sal u noukeurig monitor tydens behandeling, veral u kaliumvlakke.

Lig altyd u gesondheidsorg kundige in indien u enige ander medisyne gebruik. (Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in.)

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

EXTRANEAL word nie aanbeveel tydens swangerskap of tydens borsvoeding nie, tensy u dokter anders adviseer.

Daar is geen kliniese data oor vrugbaarheid nie.

Indien u swanger is of borsvoed, dink u is dalk swanger of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorg kundige vir advies voordat u hierdie medisyne gebruik.

Bestuur van 'n voertuig en hantering van masjinerie

Hierdie behandeling kan moegheid, swakheid, versteurde visie of duiseligheid veroorsaak. Moenie 'n voertuig bestuur of masjinerie hanteer as u geaffekteer is nie.

3. Hoe om EXTRANEAL te gebruik

Moenie medisyne wat aan u voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

EXTRANEAL moet in u peritoneale holte toegedien word. Dit is die holte in u buik (maag) tussen u vel en die peritoneum. Die peritoneum is die membraan wat u interne organe soos u ingewande en lewer omring.

Gebruik **EXTRANEAL** altyd presies soos voorgeskryf deur die mediese span wat in peritoneale dialise gespesialiseer is. Raadpleeg hulle indien u nie seker is nie.

Hoeveel en hoe gereeld

- Een sak per dag tydens die langste storing, d.w.s.
  - Oornag in deurlopende outomatiese peritoneale dialise (CAPD)
  - Gedurende die dag in outomatiese peritoneale dialise (APD).
- Neem tussen 10 - 20 minute om die oplossing toe te dien.
- Die storingstyd met **EXTRANEAL** is tussen 6 - 12 uur in CAPD, en 14 - 16 uur in APD.

Metode van toediening

Voor gebruik,

- Maak die sak warm tot 37 °C. Gebruik die verwarmingsplaat wat spesiaal vir hierdie doel ontwerp is.
  Moet nooit in water dompel om die sak warm te maak nie.
- Verwyder die oorsak en dien dadelik toe.
- Gebruik slegs indien die oplossing helder en die houer onbeskadig is.
- Gebruik elke sak net een keer. Gooi enige ongebruikte oorblywende oplossing weg.

Gebruik aseptiese tegniek regdeur die toediening van die oplossing soos wat u opgelei is.

Versoenbaarheid met ander medisyne

U dokter kan vir u ander inspuitbare medisyne voorskryf wat direk in die **EXTRANEAL**-sak gevoeg moet word. In daardie situasie, voeg die medisyne by deur die medikasiearea wat onderaan die sak geleë is. Gebruik die produk onmiddellik na toevoeging van die medisyne. Raadpleeg u dokter indien u nie seker is nie.

Indien u meer as een sak EXTRANEAL in 24 uur gebruik

Indien u te veel **EXTRANEAL** toedien, kan u die volgende ervaar:

- abdominale distensie
- ‘n gevoel van volheid en/of
- ‘n kortasem.

Kontak onmiddellik u dokter. Hy sal u raad gee wat om te doen.

Indien u ophou om EXTRANEAL te gebruik

Moenie peritoneale dialise staak sonder die toestemming van u dokter nie. Indien u die behandeling staak, kan dit lewensgevaarlike gevolge hê.

4. Moontlike newe-effekte

EXTRANEAL kan newe-effekte veroorsaak.

Indien enige van die newe-effekte ernstig word, of indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie voubiljet gelys word nie, lig asseblief u dokter in.

Indien enige van die volgende gebeur, lig u dokter of u peritoneale dialisesentrum dadelik in:

- Hipertensie (bloeddruk wat hoër is as gewoonlik)
- Geswelde enkels of bene, opgeswelde oë, kortasem of borspyn (hipervolemie)
- Hipersensitiwiteit (allergiese reaksie) wat swelling van die gesig, keel, of om die oë kan insluit (angio-edeem)
- Maagpyn
- Koue rillings (bewing/griepagtige simptome).

Hierdie is alles baie ernstige newe-effekte. Indien u dit ervaar, het u dalk ‘n ernstige reaksie op **EXTRANEAL** gehad. U benodig dalk dringende mediese aandag of hospitalisasie.

Lig u dokter in indien u enige van die volgende opmerk:

Algemene newe-effekte:

- Rooiheid en afskilfering van die vel, veluitslag, jeuk (pruritus)
- Voel lighoofdig of duiselig, dors (dehidrasie)
- Verminderde bloedvolume (hipovolemie)
- Abnormale laboratoriumtoetse
- Swakheid, hoofpyn, moegheid
- Geswelde enkels of bene
- Lae bloeddruk (hipotensie)
- Gelui in die ore.

Minder algemene newe-effekte:

- Troebelrige oplossing dreineer uit die peritoneum, maagpyn
- Peritoneale bloeding, etter, swelling, pyn of infeksie rondom die uitgangarea van u kateter, kateterblokkasie, besering, interaksie met die kateter
- Lae bloedsuikerkonsentrasie (hipoglukemie)
- Skok of koma veroorsaak deur lae bloedsuikerkonsentrasie
- Hoë bloedsuikerkonsentrasie (hiperglukemie)
- Naarheid, braking, verlies aan eetlus, droë mond, hardlywigheid, diarree, winderigheid (winde laat), versteuring van die maag of ingewande soos blokkasie in u ingewande, maagseer, gastritis (ontsteekte maag), slegte spysvertering
- Abdominale swelling, breuk van die buikholte (dit veroorsaak ‘n knop in die lies)
- Wysiging van u bloedtoetse
- Abnormale lewerfunksietoets
- Gewigstoename of -afname
- Pyn, koors, malaise
- Hartsiekte, vinniger hartklop, kortasem of borspyn
- Bloedarmoede (vermindering in rooibloedselle wat die vel bleek kan maak en swakheid of asemloosheid kan veroorsaak); toename of afname van witbloedseltelling; vermindering in bloedplaatjies, wat die risiko van bloeding of kneusing verhoog
- Gevoelloosheid, tinteling, brandende sensasie
- Hiperkinese (verhoogde bewegings en onvermoë om stil te staan)
- Versteurde visie
- Verlies van die smaaksintuig
- Vloeistof op die longe (pulmonêre edeem), kortasem, moeilike asemhaling of hyg, hoes, hik
- Nierpyn
- Naelversteuring
- Velafwykings soos galbulte (urtikaria), psoriase, velsweer, ekseem, droë vel, velverkleuring, blase op die vel, allergiese of kontakdermatitis, veluitslag en jeuk
- Uitslag kan jeukerig wees met rooi kolle wat met knoppe bedek is, of met uitbarstings of velafskilfering. Die volgende twee ernstige tipes velreaksies kan voorkom:
  - Toksiese epidermale nekrolise (TEN). Dit veroorsaak:
    - ‘n rooi uitslag oor baie dele van die liggaam
    - die afskilfering van die buitenste laag vel
  - Veelvuldige eriteem. ‘n Allergiese velreaksie wat kolle, rooi bulte, of pers of blaserige areas veroorsaak. Dit kan ook die mond, oë en ander klam liggaamsoppervlaktes beïnvloed.
  - Leukositoklastiese vaskulitis. ‘n Ontsteking van klein bloedvate wat klinies gekenmerk word deur tasbare purpura.
- Spierkrampe, pyn in bene, gewrigte, spiere, rug, nek
- Vinnige verlaging in bloeddruk wanneer u opstaan (ortostatiese hipotensie)
- Peritonitis (ontsteekte peritoneum), insluitend peritonitis veroorsaak deur swam- of bakteriële infeksie
- Infeksies insluitend griepsindroom, pitswere
- Abnormale denke, angs, senuweeagtigheid.

Nie alle newe-effekte wat aangemeld is vir EXTRANEAL word in hierdie voubiljet ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid verswak of indien u enige nadelige effekte ervaar terwyl u EXTRANEAL neem, raadpleeg asseblief u gesondheidsorg kundige vir advies.

Aanmelding van newe-effekte

Indien u newe-effekte ervaar, raadpleeg u dokter, apteker of verpleër. U kan ook newe-effekte by SAHPRA aanmeld via die “6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form”, wat aanlyn gevind word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van **EXTRANEAL** te verskaf.

Vir die aanmelding van newe-effekte direk aan die HSR, kontak +27 11 635 0134 of e-pos Adcock.aereports@adcock.com.

5. Hoe om EXTRANEAL te bêre

EXTRANEAL het ‘n raklewe van 2 jaar. Moenie die produk gebruik na die vervaldatum wat op die karton en produketiket aangedui word nie.

Bêre teen ‘n temperatuur tussen 4 °C - 30 °C. Moet nie gebruik tensy die oplossing helder is en die houer onbeskadig is nie. Enige ongebruikte gedeelte dialise-oplossing in ‘n sak moet weggegooi word.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS

6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

Wat EXTRANEAL bevat

Elke 1 liter **EXTRANEAL** bevat:

Ikodekstrien	75 g
Natriumchloried	5,4 g
Natriumlaktaat	4,5 g
Kalsiumchloried	0,257 g
Magnesiumchloried	0,051 g

Teoretiese osmolariteit: 284 (milliosmol per liter).

Teoretiese osmolaliteit: 301 (milliosmol per kg).

Elektrolietoplossing inhoud per 1 000 ml:

Natrium	133 mmol
Kalsium	1,75 mmol
Magnesium	0,25 mmol
Chloried	96 mmol
Laktaat	40 mmol

Die ander bestanddele is water vir inspuitings, natriumhidroksied (pH-aanpassing), soutsuur (pH-aanpassing).

Hoe EXTRANEAL lyk en inhoud van die verpakking

‘n Helder, kleurlose tot liggeel oplossing, feitlik vry van sigbare deeltjies.

EXTRANEAL peritoneale dialise-oplossing in Viaflex® plastiekhouers in die tweesak- en enkelsak-konfigurasie is beskikbaar in die volgende houergroottes met vulvolumes soos hieronder aangedui.

Vul volume	Houer grootte
1 500 ml	2 L
2 000 ml	2 L / 3 L
2 500 ml	3 L

Houer van Sertifikaat van Registrasie

Adcock Ingram Critical Care (Edms.) Bpk.
Sabaxweg 1,
Aeroton,
Johannesburg, 2013
Tel: +27 11 494 8000

Hierdie voubiljet is laas hersien in

Goedgekeur: 07 Desember 2012
Datum van huidige wysiging: 13 Augustus 2021

Registrasienommer

38/34/0172

Namibië: NS2 05/34/0453

03097

03097